BURGER (Kaap Platteland)
24 Dec 2012, p.3

ST. HELENA-WEDVAART

Die skipper Jan Delport agter die stuur van die Gordonsbaai-seiljag Seaboard Saterdagmiddag in Simonsbaai met die wegspring van die St. Helena-wedvaart. Langs hom is Roux Gerber (middel) en Etienne Krynauw, deel van die bemanning, wat ontbeende skaapboud as Kersmaal sal geniet. Foto: EBEN HUMAN

Tog na beker begin

Boerekos, hardehout op Kersspyskaart

Eben Human

SIMONSTAD. – 'n Eerste Kersdag ter see. Dít wag op die meeste seiljagvaarders wat aan die St. Helena-wedvaart om die Goewerneursbeker deelneem wat Saterdag hier in Simonsbaai begin het.

Die wegspring vir die vaarders op die 20 deelnemende seiljagte was in 'n ligte westewind, maar voor Kaappunt bereik is, was daar reeds 'n onverwagte windstilte.

Verby Kaappunt is in 'n noordwestelike rigting geseil. Die wenner kan dalk voor Nuwejaarsdag by Jamestown in St. Helena wees, maar die meeste deelnemers sal Kersdag en ook Nuwejaarsdag ter see wees.

Daar moet altesame 1 700 seemyl afgelê word. Die ligte toestande kan die oortog langer en meer frustrerend maak, maar miskien wag daar ook 'n fris windjie om die Kersdag môre behoorlik te vier.

Ontbeende skaapboud, rys, groente en rooiwyn. Dit is die feesmaal wat wag op Jan Delport en sy bemanning op die Gordonsbaai-seiljag Seaboard.

So het Hennie du Plessis, eienaar van die Stadt-34-ontwerp, gesê kort voor die span se vertrek.

Etienne Krynauw, Roux Gerber en De Wet Nel is die ander manne wat saam gaan smul aan die bord boerekos.

John MacKay op die jag Indaba het gesê sy vrou het hom met 'n Kerskoek verras. Dit is wat hy gaan geniet op Kersdag op die jag Indaba wat aangevoer word deur die ervare John Levine, 'n gewese kommodoor van die Royal Cape-klub.

Op die drieromp Banjo gaan Kevin Webb en sy twee bemanningslede Sarel van der Merwe en Brad Stemmett 'n Kerspoeding eet. Daar gaan ook geskenke uitgeruil word.

Die vierjarige Sean Kavanagh op Ray of Light, verreweg die jongste deelnemer, gaan waarskynlik die meeste bederf word op Kersdag.

Richard Kavanagh en sy vrou, Heidi, het 'n paar jaar gelede 'n koue Russiese winter in 'n woonstel in Moskou deurgebring. Die bietjie sonlig wat hulle gesien het, was die inspirasie vir hul seiljag se naam wat eers vier jaar Turkye as basis gehad het.

Die seiljag is daarna na die Kaap gebring en hulle het Royal Cape-klub in Tafelbaai as tuiste gevind in hul voorbereiding vir die St. Helena-wedvaart.

Nicky Basson, 'n bemanningslid op Reaction, het kort voor die vertrek ook 'n geheimpie gedeel.

"Drank is verbode wanneer jy ernstig seil, maar ek het 'n bottel hardehout op die jag weggesteek. Dis vir Oujaarsaand."